

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus ons deur sy genade opvoed om toegewy aan God se wil te leef, nie deur die wet nie. Christus is ons lewensafrieter wat ons oefen in die vrug van die Gees wat Hy in ons skep – en so binne die bedoeling van die wet van God hoe om mense vir God en mense te wees te leef. Christus is nie ons bodybuilder wat ons geestelike spiere bou om God te wys vir die wêreld nie.

Skriflesing Titus 2: 11 – 15; Gal. 5: 16 – 18, 22, 23; Kol. 2: 16 – 23.

Teks Titus 2: 11 “Want die verlossende genade het verskyn vir alle mense, en voed ons op, sodat ons in hierdie bedeling verstandig en regverdig en godvresend kan leef deur goddeloosheid en wêreldse begeertes te verwerp.”

Tema Christus voed ons deur sy genade op.

1. Christus voed ons op deur die evangelie, deur ons in sy genade te laat deel. Christus voed ons nie deur die wet, die Tien Gebooie op nie. Deur die Tien Gebooie verbind die Here ons aan die eis van die wet. Die verbintenis tot die eis van die wet wys ons wat is reg en verkeerd, maar dit voed ons nie op nie. Opvoeding is nie om net te weet wat is reg en verkeerd nie. Opvoeding gaan oor verstandigheid, godvresendheid en regverdigheid waardeur ons goddeloosheid en wêreldse begeertes kan herken, dit kan verafsku en kan verwerp. Die besondere van Christus is dat Hy ons hierin opvoed deur die evangelie van sy lyding, sterwe, kruisiging, dood en opstanding, nie deur die wet nie.

Ons moet onderskeid tussen die eis van die wet en die bedoeling van die wil van God. Wanneer 'n ma van haar kinders eis om binne te speel, is haar bedoeling dat hulle nie moet nat reën en siek word nie. Só moet ons in elke eis van die wet die bedoeling van die Here hoor. In die eis jy moet jou vader en moeder eer, moet jy die Here se bedoeling hoor dat ons die gesag waarmee God ons beskerm moet respekteer. In die eis om nie te moor nie, moet ons Here se bedoeling van ons meelewendheid met mekaar in die gawe van lewe wat God ons gee, hoor. In die eis om nie eg te breek nie, moet ons die gemeensaamheid hoor van die samesyn waarin God ons laat leef. In die eis om nie te steel nie, moet ons ons diensbaarheid binne God se roeping hoor. In die eis om nie vals te getuig nie moet ons hoor dat ons opreg in die werklikheid van God se skepping kan leef en in die eis om nie te begeer nie moet ons hoor dat ons vergenoegd in God se voorsienigheid kan leef.

2. Christus voed ons op om binne God se bedoeling met ons te leef deur sy verlossende genade.

Opvoeding is iets totaal anders as om net “te leer”. Mense leer om te lees, te skryf en somme te maak. 'n Mens wat kan lees en skryf kan as persoon nog steeds sommer net 'n vark wees en iemand wat kan somme maak kan sommer nog net brutaal en ongeskik wees. Opvoeding vind tussen persone plaas. Opvoeding is om gevorm te word in en deur 'n persoon se liefde, goedheid, getrouheid en geduld.

Dit is presies wat Jesus Christus deur sy verlossende genade met ons doen. Hy sluit ons in Homself en wat Hy vir ons is in en dít voed ons op in ons menswees.

Christus voed ons deur sy genade op

Deur ons in sy geboorte in te sluit laat Hy ons vir god weer heilig wees en is God barmhartig en ontfermend met ons met al ons gebreke. Deur ons in sy lyding in te sluit neem Hy alle oordeel van God oor ons oortredings weg sodat God met ons lankmoedig bly deur al ons sondigheid. Deur ons in sy kruisiging in te sluit neem Christus alle vloek oor ons weg en is God altyd goed vir ons al is ons nog sleg. Deur ons in sy sterwe in te sluit neem Christus alle straf vir ons sonde weg en is God altyd genadig vir ons met ons sondes. Deur ons in sy ter helle neerdaling in te sluit neem Christus alle verwerping weg vir ons halwe en gebrekkige liefdes sodat ons altyd in God se liefde leef.

Só leef ons deur die Heilige Gees ingesluit in Christus en voed hy ons op deur in Hom te ervaar dat Hy ons nie met woede, grimmigheid, toorn en minagting hanteer nie maar met barmhartigheid, lankmoedigheid, goedheid, genade en liefde.

Dit is die betekenis van die sin die regverdige sal uit geloof leef” (Rom. 1: 17) Uit ons geloof in Christus leef ons elke dag in God se verlossende genade.

3. Deur met ons in sy liefde te wandel skep die Here in ons die vrugte van die Gees. Dit is die menslike ingesteldhede of deugdes van liefde, blydschap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.

Dit is hoe Christus ons deur sy genade opvoed. Hy vorm in ons hierdie houdings of deugdes deur met ons barmhartig, lankmoedig, goed, genadig en liefdevol te wees. Sy barmhartigheid voed ons op in geduld en sagmoedigheid. Sy lankmoedigheid voed ons op in vrede en geduld. Sy goedheid voed ons op in goedheid en sagmoedigheid. Sy genade voed ons op in vriendelikheid en selfbeheersing en sy liefde voed ons op in liefde.

Die Here voed ons nooit só op deur die wet, die Tien Gebooie nie. Daarom stel Paulus in Gal. 5: 18 “As julle egter deur die Gees gelei word, staan julle nie onder die wet nie.” Die Here se leiding deur sy Gees is om ons in te sluit en op te voed deur sy verlossende genade. Dit doen God nooit deur die wet nie. Die Here bind ons net deur die wet aan die eis en bedoeling van die wet, maar dit voed ons nooit op in ’n lewenswyse waarin ons in die bedoeling van die wet leef nie.

Die oproep in Gal. 5: 28 is dat omdat Christus in ons hierdie ingesteldhede skep (Ons lewe deur die Gees) moet ons met God “wandel” dit is die Grieks wat as “in pas kom” vertaal is) Ons moet in en uit die geloof leef dat God met ons wandel.

Só word ons vaardig en fiks in die vrug van die Gees, leef ons binne die bedoeling van die wet, in God se liefde met liefde vir God en mekaar, in God se barmhartigheid met geduld en sagmoedigheid, e.a. Daarom verklaar Paulus dat teen hierdie vrug in en deur ons lewe in die geloof, ons wandel met God, het die wet niks nie. (Gal. 5:22)

4. Christus is altyd ons lewensafrieter. Hy oefen ons in die vaardighede en fiksheid van die vrug van die Heilige Gees sodat ons die spel van die lewe kan speel. Jesus Christus is nooit ons skeidsregter wat ons volgens sy wet straf en veroordeel nie.

Christus voed ons deur sy genade op

Ons mag nooit die vrug van die Gees en die bedoeling van die Tien Gebooe van mekaar skei nie. Die vrug van die Gees is juis hoe ons fiks en vaardig gemaak word om binne die bedoeling van die wet van God te leef.

Die bedoeling van die wet is respek vir gesag (eer jou vader en moeder), meelewendheid in die lewe (jy mag nie doodslaan nie) , gemeensaamheid in samesyn (jy mag nie egbreek pleeg nie), diensbaarheid in roeping (jy mag nie steel nie), egtheid in God se skepping (Jy mag nie valse getuienis lewer nie) en vergenoegdheid in God se voorsienigheid (jy mag nie begeer nie)

Deur die vrug van die Gees leef ons fiks en vaardig in die bedoeling van die wet want die Here oefen ons in liefde, vrede, vriendelikheid, geduld en selfbeheersing met en binne in gesag. Net so oefen die Here ons om liefdevol, vriendelik, sagmoedig en selfbeheersd te leef in ons meelewendheid en gemeenskap met die gemeenskap. Werklik geduld, getrouheid, blydschap en selfbeheersing gaan oor hoe ons diensbaar ons roeping binne die wêreld uitelef en vergenoegd leef in dit wat God besluit Hy vir ons voorsien.

Wanneer ons die vrug van die Gees skei van die bedoeling van die wet van God, skep ons 'n selfopgemaakte wêreld waarin ons onself van die gesag, lewe, samesyn, roeping en werklikheid waarin God ons plaas, afskei en vervreem.

Dit is wat die moderne Christelikheid met Christus doen. Hulle verander Christus van ons lewensafrieter na 'n persoonlike instrukteur vir ons eie liggaamsbou visie. Hulle maak van Jesus die "personal trianer" van ons eie bodybuilding-program. So word die vrug van die Gees geskei van die lewe en word dit niks anders as spiere-wys in 'n geestelikheid wat van die wêreld vervreem is nie.

5. Christus skep deur die Heilige Gees in ons die vrug van die Gees, menslike liefde, blydschap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Hierdie is menslike ingesteldhede of houdings wat ons teenoor ons naaste inneem.

Die moderne geestelikheid verander hierdie vrug van die Gees van menslike ingesteldhede na God se eie gesindhede. Met hierdie verdraaiing skep hulle die heidense geestelikheid dat jy nie menslike ingesteldhede teenoor mense uitelef nie, maar God se gesindhede vir mense moet wys.

Jy moet kamstig nou niks wees nie sodat God sy goddelike liefde, vrede, vriendelikheid, goedheid getrouheid en sagmoedigheid deur jou aan ander mense kan bewys. Só moet jy nou God se gesindhede na die wêreld toe uitstraal sodat hulle in en deur jou God se ingesteldhede kan sien en ervaar.

Die vrug van die Gees is menslike liefde, vrede, goedheid en sagmoedigheid wat mense vir mense gee en met mense deel. Dit is nie God se gesindhede wat vir mense gewys word nie. Ons wys nie God s'n vir mense nie. Ons deel ons deugdes (wat Christus in ons skep) met mense.

Christus voed ons deur sy genade op

Die krag van die Heilige Gees is om in ons vereniging met Christus hierdie vrug in ons te skep as menslike ingesteldhede. Dit is nie 'n goddelike krag wat ons vertoonstukke soos skou-perde van God se gesindhede maak nie.

Ons kry nooit goddelike kragte om goddelike gesindhede uit te straal en te wys nie. Die krag van die Gees is nie goddelike steroïdes wat ons ons geestelike spiere laat wys nie. Die vrug van die Gees is nie 'n vertoon van goddelike ingesteldhede nie. Dit is die fiksheid en vaardigheid om as mense binne die bedoeling van die wet van God met ander mense te leef.

6. Paulus beskryf hierdie geestelikheid waarin mense geestelike spiere bou en wys as 'n totaal nuttelose godsdiens in Kol. 2: 16 – 23. Net soos met “bodybuilding” is dit 'n geestelikheid met reëls oor kos en drank wat jou geestelik sterker maak. Is dit selfopgelegde pligte van hoe en wanneer en waarmee jy moet geestelike oefeninge moet doen. Is dit 'n geestelike kastyding van jou liggaamlikheid as mens. Maar al hierdie geestelike spiere bou en wys gaan oor die bevrediging van die mens se sondige aard om God se goddelike kragte en magte as hulle eie krag en mag te vertoon. Al die nederigheid en slimmigheid vir hierdie “bodybuilding” geestelikheid is geveins, net 'n skyn van godsdiens maar vir werklike godsdiens totaal nutteloos.

Dit is soos 'n spierpaleis wat moet gaan rugby speel – met al sy spiere is hy totaal onfiks en het hy geen vaardigheid vir die spel nie.

Net so is die geestelikheid dat jy kamstig God se liefde, goedheid, vrede en sagmoedigheid moet wys vir ander mense 'n totaal nuttelose geestelikheid. Dit is net 'n vertoon van geestelike mag, sonder enige liefde wat bewys word.

'n Kind wil nie in 'n ma God se liefde sien nie, maar wil 'n ma hê menslik moederlik liefdevol, sagmoedig en goedgehartig is. 'n Ouer wil nie 'n kind hê wat God se getrouheid en vriendelikheid vir hulle demonstreer nie, maar wat as kind hulle gesag aanvaar met geduld en selfbeheersing. Kinders en ouers wat vir mekaar God se goddelikheid wys is vir mekaar as ouers en kinders totaal nutteloos. En dit geld vir man en vrou vir mekaar, werkgewer en werknemers vir mekaar, mede-burgers en gemeenskapslede vir mekaar.

Christus is nie ons persoonlik instrukteur in ons geestelike spierbou en spierwys nie. Hy is ons afrigter wat ons deur sy opvoeding in die vrug van die Gees ons fiks en vaardig maak in die spel van die lewe met God en ons naaste.